




KONINKRYKSTYD  
13 SEPTEMBER 2026

NED. GEREK. KERK  
WELLINGTON-NOORD



# NOORDNUUS

**Erediens** 09:30 | Kerkgebou

**Predikant** Ds. Francois Human

**Orrelis** Johann Enslin

**Deuroffer** Instituut vir Dowes

**Digidiens** Johan Crous

## KINDERS | JEUG

**Voorskool tot Graad 3** deel in kindermoment tydens erediens en gaan dan saal toe. U kan dan weer u kind na die erediens by die kerksaal kry. Die **Graad 4 tot 10 leerders** gaan saal toe vir hul ontmoetings na afloop van die erediens. **Belydenisgroep** net na erediens in konsistorie.

## Algemene Inligting

MacCronestraat 11 - Wellington - 7655  
021 873 2763 | [info@wellingtonnoord.co.za](mailto:info@wellingtonnoord.co.za)

Bankbesonderhede: ABSA | Wellington | 430 580 019  
**Kantoorure** | **Skriba** | Maandag - Vrydag | 8:30 - 12:30  
**Gemeentebestuurder** | Maandag - Donderdag | 7:30 - 15:30  
Vrydag | 7:30 - 14:30

**zapper**  
The rewarding way to pay



NED. GEREK. KERK  
WELLINGTON-NOORD  
Geloofsgemeenskap



# JESUS ROEP DIE KINDERTJIES

*Sangdiens met Bybelstories & Liedjies*

Hugo Rust Laerskool se Senior en Juniorkoor  
Blackie & Rissie en sommer 'n klomp ander musikante!

NGK Wellington-Noord  
20 September | 09:30



## VERJAARSDAE | SEPTEMBER

13 Hendrik Heydenrych | Karin Morkel | Marieta Rademeyer

14 Neville Barnard | Christiaan Burger | Mieke de Villiers | Miané le Roux |  
Corné Marais | Luné Steyn

16 Loreen de Witt | Ruth Slabbert | Jean Willemse

17 Juanita Bester | Nico de Villiers | Pieter-Neill du Toit | Karin Human |  
Carina Rautenbach | Heleen Smit

18 Junetta Goosen | Renda Walters

19 Anika Brink

## — BASAAR 2026 —

'n Opregte woord van dank aan elkeen wat 'n aandeel gehad het aan die sukses van ons kerk se basaar. Dit was voorwaar 'n reuse sukses, en dit sou nie moontlik gewees het sonder die ondersteuning, harde werk en entoesiasme van so baie mense nie.

Baie dankie aan die mense van buite die gemeente wat ons ondersteun het, aan ons eie lidmate wat getrou saamgewerk het, en aan al die kinders wat met soveel ywer en vrolikheid deelgeneem het. Dankie ook aan elke organiseerder, helper, bakker, verkoper en persoon wat op enige manier bygedra het.

'n Spesiale woord van dank gaan aan die Vrouediens vir julle ongelooflike beplanning, harde werk en toewyding. Julle het 'n besondere rol gespeel om van die dag 'n groot sukses te maak.

Ons waardeer elkeen se bydrae opreg. Mag die Here julle ryklik seën vir julle tyd, moeite en ondersteuning. Ons kan met dankbaarheid terugkyk op 'n wonderlike dag van saam werk, saam lag en die saam wees as familie te vier!

### Ons leer



Wil jy groei in jou geloof?

### Woordskool

Dis informeel, gemaklik en  
almal is welkom.

15 September 2026: 18:30

16 September 2026: 09:30

Ons reis weer hierdie jaar saam  
met die 40 DAE tydens  
Woordskool. Enige persoon kan  
kom inskakel is welkom vir hierdie  
6 byeenkomste (elke week 1).



JY IS WELKOM!

# OGGENDDIENS

## Nagmaaldiens



SONDAG  
13 SEPT 2026

09:30

FRANCOIS  
HUMAN

NED. GEREK. KERK  
WELLINGTON-NOORD

[www.wellingtonnoord.co.za](http://www.wellingtonnoord.co.za)





## NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SA RING VAN SWARTLAND

7 September 2026

Aan die 8 gemeentes van die Ring van Swartland.

Op Sondag, 6 September het die Ring van Swartland se predikante en ouderlinge die voorreg gehad om mekaar te ontmoet by Riebeek- Kasteel vir ons jaarlikse Ringsitting. Dit was 'n betekenisvolle middag vir ons waartydens ons rondom tafels na mekaar kon luister en bemoedig. Een van die sake wat op ons hart gedruk is aan die einde van ons byeenkoms was om 'n pastorale brief aan ons gemeentes te skryf.

Ons wil graag vir julle sê:

### **Julle is nie alleen nie. Ons stap saam met julle.**

Ons leef in 'n tyd waarin baie dinge onseker geword het, en waarin ons gemeentes en gemeenskappe voor groot uitdagings staan.

Die abnormale weersomstandighede raak ons mense, ons landbou en ons lewensbestaan, terwyl veesiektes verdere kommer, verlies en onsekerheid bring.

Ons weet ook dat die komende verkiesing spanning en verskille kan meebring, maar juis daarom het ons as kerk 'n besondere roeping om brûe te bou, vrede te bevorder en mense aan mekaar te verbind.

In al hierdie dinge wil ons mekaar nie alleen laat nie.

Wanneer een gemeente swaarkry, kry ons saam swaar; wanneer iemand moed verloor, wil ons saam hoop gee; en wanneer daar rede is om dankbaar te wees, wil ons saam feesvier.

Ons herinner mekaar daaraan dat die kerk nie in die eerste plek gebou word deur goeie omstandighede nie, maar deur mense wat in geloof aan God en aan mekaar vashou.

Ons weet nie altyd wat môre bring nie, maar ons weet Wie saam met ons op die pad is.

Daarom bid ons vir elke gemeente, elke leraar, elke kerkraad, elke lidmaat wat in die landbou is of watter ander bedryf ookal: mag julle in hierdie uitdagende tyd God se nabyheid ervaar en nuwe moed ontvang.

**Die Swartland Ring stap saam – nie omdat ons al die antwoorde het nie, maar omdat ons glo dat ons saam sterker is, en omdat ons weet: God loop hierdie pad saam met ons.**

Groete

Die Ring van Swartland se afgevaardigdes van die 2026 Ringsitting.



# 'N OOMBLIK *van stilte.* 'N TYD OM SAAM TE BID.

Aan al ons graanprodusente  
in die Wes-Kaap

Te midde van die uitdagings, onsekerhede  
en besige dae van die seisoen, wil ons  
graag 'n uitnodiging rig aan elke produsent:



**ELKE DAG OM 12:00**

Neem 'n oomblik van *stilte.*

## KOM ONS STAAN SAAM IN GEBED VIR:



Ons produsente en hulle gesinne



Die seisoen en die gewasse op die land



Gunstige weerstoestande



Wysheid, krag en beskerming



'n Geseënde en goeie oes



Waar jy ook al is – op die land, in die trekker,  
by die huis of op kantoor –

*stop vir 'n oomblik, raak stil en bid saam.*



Een minuut.  
**Een oomblik.**  
Een bedryf  
wat saamstaan.



Kom ons dink saam.



Kom ons bid saam.



Kom ons vertrou saam.

**GSA**  
GRAIN | GRAAN





NED. GEREK. KERK  
**WELLINGTON-NOORD**  
Geloofsgemeenskap

9-11  
OKT 2026

# GEMEENTEKAMP 2026

Leeuwenboschfontein

## KAMPPRYSE

Volwassenes | R195 per nag  
Kinders 4-12jr | R130 per nag  
Kinders onder 4 | Gratis

Aandetes: R115 per kop (kinders bo 10  
ingesluit). Ander etes is selfsorg.

Kampgeld teen 18 September betaal word.

Kontak Hennie Cronjé vir navrae en besprekings 082 774 4106

IN GOD SE HAND

## BYBELSKOOL GRAAD 1-6

**28-30 September**

**NG Wellington-Oos se Sentrum**

**08:30-12:30**

**R360 per kind**

VIR ENIGE NAVRAE KONTAK DS LISA VD MERWE 073 884 8060  
INSKRYWINGS SLUIT **14 SEPTEMBER 2026**  
INSKRYWINGSVORMS IS BY DIE DEURE BESKIKBAAR



# DIE SES WAARDES

## *waarop ons fokus*

Ons jaarlikse 40DAE reis wat ons saam met mekaar, sowel as Moedergemeente en Wellington-Oos begin volgende week.

- 40 Dae
- 6 Eredienste
- 6 Groepsbyeenkomste

Vra jou bure, vriende, mense in jou kompleks of dien dit as gesin saam.

Elke Dinsdagaand 18:30 of Woensdagoggend 09:30 word daar 'n groepsbyeenkoms in Konsistorie gehou.

Jy is baie welkom om daar in te skakel. Kom net!



**GLO**



**GETUIG**



**GEHOORSAAM**



**GESTUUR**



**GROEI**



**GASVRY**



# KOOR CHOIR

HUGENOTE  
Hoërskool | Wellington

HUGENOT  
High School | Wellington



WOENSDAG | 7 OKTOBER 2026 | 19:00  
WELLINGTON STADSAAL

TOEGANG: **R120** (Volwassenes) | **R80** (Kinders)

SIT 'N BLOM IN JOU HARE  
EN  
ONTHOU !

DONDERDAG, 17 SEPT

9:30

NG KERK-WELLINGTON  
NOORD KERKSAAL

VROUE LANDBOUVERENIGING  
SIRKEL WYNLAND/PAARL  
BIED AAN

KOMIESE KABARET  
VERTONING

EK

*Leewe*

DEUR  
CROWN CREATE  
STUDIO



Heerlike Verversings

Stalletjies

R 120

Kontak: Karen Barnard

082 448 0690 | karbar123@outlook.com

